**BELEIDSDOKUMENT**

# NADOKTORALE GENOTE AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

| | |
|---|---|
| Verwysingsnommer van hierdie dokument | BEL-2017-001 |
| Doel | Beleid insake nadoktorale genote aan die Universiteit Stellenbosch |
| Soort dokument | Beleid |
| Implementeringsdatum | 1 Januarie 2017 |
| Hersieningsdatum | 1 Januarie 2022 |
| Vorige hersienings | n.v.t. |
| Eienaar van die beleid | Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies |
| Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie beleid | Senior Direkteur (Navorsing en Innovasie); Afdeling Navorsingsontwikkeling |
| Goedkeuringsdatum | 28 November 2016 |
| Goedgekeur deur | Universiteit Stellenbosch Raad |
| Sleutelwoorde | nadoktorale, genoot, navorsing, navorser, medestudieleiding |

## 1. INLEIDING

Hierdie is die beleid insake die bestuur van nadoktorale genootskappe aan die Universiteit Stellenbosch. Die doel is om riglyne te verskaf vir die bestuur van die verhoudings tussen nadoktorale genote, hul gashere en die Universiteit.

’n Nadoktorale genootskap is ’n loopbaanbevorderingsgeleentheid wat die nadoktorale genoot in staat moet stel om aansoek te doen vir ’n fakulteitsposisie of ’n ander professionele posisie. Hierdie beleid het ten doel om ’n raamwerk te stel vir die suksesvolle funksionering van nadoktorale genote.

## 2. BELEIDSTOEPASSING

Hierdie beleid is van toepassing op alle nadoktorale genote, hul akademiese gashere, hul gasheerdepartemente en -fakulteite en toepaslike steunafdelings.

Die beleid is slegs vir interne gebruik bedoel en verleen nie enige regte of voorregte aan enige derde party nie.

## 3. DEFINISIES

3.1 “Nadoktorale genote” is PhD gegradueerdes wat hul akademiese navorsingsloopbane vestig deur hoofsaaklik navorsing te doen, maar kan ook ander akademiese aktiwiteite onder leiding van ’n gasheer aan die Universiteit verrig, soos onderrig en medestudieleiding aan studente bied.

3.2 Die “gasheer” van ’n nadoktorale genoot is ’n akademiese personeellid in ’n toepaslike akademiese departement, sentrum of instituut by die Universiteit Stellenbosch, en wat as studieleier en mentor teenoor die nadoktorale genoot optree.

3.3 “Departement” is die akademiese departement, afdeling, sentrum of instituut by die Universiteit Stellenbosch waar die nadoktorale genoot geregistreer is.

3.4 “Departementele voorsitter” is die hoof van die akademiese departement, afdeling, sentrum of instituut waar die nadoktorale genoot geregistreer is.

3.5 “Genootskap” is die toekenning of beurs wat aan die nadoktorale genoot toegeken word vir sy/haar persoonlike uitgawes vir die duur van die nadoktorale navorsingstydperk.

3.6 “Memorandum van Verstandhouding (MVV)” is die ooreenkoms tussen die gasheer en die nadoktorale genoot aan die een kant en die nadoktorale genoot en die Universiteit aan die ander kant, en omskryf die verwagtinge van elkeen van die ander.

3.7 “Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO)” is die entiteit verantwoordelik vir die administrasie van die nadoktorale genootskappe en wat verseker dat aanstellings, aktiwiteite en beëindigings ingevolge die regulasies van die Universiteit geskied en dat die bepalings van die beleid en die MVV nagekom word.

3.8 “Universiteit Stellenbosch Internasionaal (US Internasionaal)” is die entiteit verantwoordelik vir etlike administratiewe en ondersteunende sake verbonde aan internasionale nadoktorale genote.

3.9 “Universiteit” is die Universiteit Stellenbosch (US).

## 4. DOEL VAN DIE BELEID

Die doel van die beleid is om ’n uiteensetting te bied van die waardes en beginsels wat die nadoktorale genootskapsprogram aan die US onderstut, en om ’n raamwerk daar te stel waarin die aanstelling en huisvesting van nadoktorale genote aan die US uitgevoer word.

## 5. DOEL VAN DIE NADOKTORALE GENOOTSKAPSPROGRAM AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Die nadoktorale genootskapsprogram het die volgende doelstellings:

5.1 Om aan gevestigde navorsers en akademiese departemente die geleentheid te bied om nadoktorale genote te huisves om hul navorsingskohort te versterk.

5.2 Om aan nadoktorale genote die geleentheid te bied om hul navorsings- en professionele vaardighede by die US te ontwikkel en te versterk en om hierdie verworwe vaardighede aan navorsers en studente aan die US oor te dra.

5.3 Om aan die US die geleentheid te bied om sy navorsingsportefeulje uit te brei na nuwe navorsingsgebiede en om sy navorsingsproduktiwiteit te bevorder deur ’n toename in wetenskaplike publikasies en tegnologie-oordrag.

5.4 Om te help met die ontwikkeling van navorsingskapasiteit en die vernuwing en transformasie van die akademiese navorserskohort in Suid-Afrika deur die lewering van besonder vaardige gegradueerdes.

5.5 Om internasionalisasie aan die US te versterk en samewerkende navorsingsnetwerke uit te brei deur die huisvesting van internasionale nadoktorale genote.

## 6. AGTERGROND

6.1 Nadoktorale genote is produktiewe en waardevolle lede van die US se akademiese gemeenskap. Indien hulle op geskikte wyse hulp en leiding ontvang, kan hulle ’n aanmerklike bydrae lewer tot die bereiking van die US en die land se navorsings- en kapasiteitsontwikkelingsdoelwitte. Internasionale nadoktorale genote bevorder ook die internasionalisasie van die US, en kan moontlik belangrike internasionale medewerkers word.

6.2 Die hoofdoel van ’n nadoktorale genootskap moet die ontwikkeling en slyping van die nadoktorale genoot se navorsings- en professionele vaardighede ter voorbereiding op ’n toekomstige akademiese of ander professionele loopbaan wees. As sulks is ’n nadoktorale genootskap ’n oorgangsfase, ontwerp om die gaping te oorbrug van PhD toekenning na indiensname.

6.3 Elke nadoktorale genoot word deur ’n gasheer gelei en gementor en in ’n akademiese departement, sentrum of instituut aan die US gehuisves. Die gasheer moet leierskap en leiding aan die nadoktorale genoot bied om ’n onafhanklike navorser en akademikus te word.

6.4 Nadoktorale genote kan wel betrokke wees by die onderrig en medestudieleiding van nagraadse studente, na gelang van die bepalings waarop in die MVV tussen die nadoktorale genoot en die gasheer ooreengekom is.

6.5 Nadoktorale genote definieer ’n aparte kategorie van navorsers binne die universiteitsisteem.

## 7. ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE NADOKTORALE GENOOT

7.1 Alhoewel die verwagtinge van nadoktorale genote, soos ooreengekom in individuele MVVs, sal wissel na gelang van die omgewings waarin hulle gehuisves word, is daar ’n aantal algemene verwagtinge wat die US van sy nadoktorale genote het ter bereiking van sy institusionele doelwitte. Dit sluit die volgende in:

(i) Akkurate en noukeurige rekordhouding van navorsingsaktiwiteite en die gereelde voorlegging van navorsingsdata aan die betrokke gasheer.

(ii) Die onderneming van uitkomste-gebaseerde navorsing. Bydraes tot artikels in joernale, boeke of hoofstukke in boeke wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geakkrediteer is, behoort binne die duur van die genootskap gelewer te word, soos ooreengekom in die MVV.

(iii) ’n Bydrae tot die navorsingsetos van die gasheeromgewing. Hierdie bydrae moet geskied in die vorm van gewillige deelname aan vergaderings en navorsingseminare (veral dié wat nagraadse studente betrek), kennisoordrag na kollegas en studente, en die besteding van ’n aanmerklike gedeelte van sy/haar tyd op een of meer van die US se kampusse;

(iv) ’n Bydrae tot die werksaamhede van ’n navorsingslaboratorium waar toepaslik, en soos met die betrokke gasheer ooreengekom;

(v) ’n Bydrae tot die US se doelwit om ’n internasionaal erkende navorsings intensiewe universiteit te word;

(vi) Lewering van vorderingsverslae aan befondsers, waar en wanneer nodig.

## 8. ROL EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE GASHEER

Die gasheer van die nadoktorale genoot aanvaar verantwoordelikheid vir die volgende:

8.1 Dat aanvaarbare navorsingstoestande aan die nadoktorale genoot gebied word soos ooreengekom in die individuele MVV, en dat daar deurlopend rekord gehou word van die navorsing wat deur die nadoktorale genoot gedoen word.

8.2 Om gereeld met die nadoktorale genoot te vergader en leiding met die navorsing bied.

8.3 Dat die nadoktorale genoot vertroud is met alle institusionele beleide verbonde aan navorsing.

8.4 Dat voldoende navorsingsbefondsing beskikbaar is vir die nadoktorale genoot om sy/haar navorsingsprojek(te) te voltooi.

8.5 Om skriftelik die vereiste werksure aan die nadoktorale genoot te kommunikeer voordat die genootskap opgeneem word.

8.6 Om ANO en die nadoktorale genoot skriftelik in kennis te stel van enige vroeë beëindiging van ’n genootskap, soos beskryf in klousule 19.2 van hierdie beleid.

8.7 Om ANO skriftelik in kennis stel indien genootskappe verleng word ná voltooiing van ’n termyn en om die vereiste administratiewe proses vir die verlengingstydperk te volg.

8.8 Om te verseker dat die voorgestelde navorsingsprojek so gestruktureer is dat die verlangde uitkomste (sien klousule 7.1 (ii)) haalbaar is binne die duur van die genootskap.

## 9. ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE UNIVERSITEIT SOOS VERTEENWOORDIG DEUR DIE VISEREKTOR: NAVORSING, INNOVASIE EN NAGRAADSE STUDIES

9.1 Die Universiteit erken die reg van nadoktorale genote om formeel by verteenwoordigende liggame aan te sluit, asook om hul verteenwoordigers by universiteitstrukture te verkies.

9.2 Die Universiteit sal verseker dat ’n bemagtigende institusionele omgewing aan nadoktorale genote gebied word.

9.3 Die Universiteit sal nadoktorale genootskappe ontvang en administreer.

## 10. AANVAARDINGSKRITERIA

Voornemende nadoktorale genote moet aan die volgende kriteria voldoen:

10.1 Die genootskap moet normaalweg binne vyf jaar ná voltooiing van hul doktorale studies aan ’n hoëronderwysinstelling in Suid-Afrika of die buiteland opgeneem word.

10.2 Indien hulle hul doktorale studies meer as vyf jaar voor die opname van die genootskap voltooi het, sal dit onderhewig wees aan skriftelike goedkeuring deur die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies. ’n Motivering vir sodanige goedkeuring moet via ANO deur die voornemende gasheer ingedien word.

10.3 Indien hulle nog nie ’n doktorsgraad behaal het nie, moet hulle ’n skriftelike verklaring van die Registrateur (of ekwivalent) by die uitreik-universiteit indien wat bevestig dat hulle bevredigend voldoen aan daardie universiteit se vereistes vir ’n doktorsgraad ten tye van aansoek om ’n nadoktorale genootskap.

10.4 Die nadoktorale genoot mag nie in permanente diens van die US wees ten tye van opname van die nadoktorale genootskap nie.

## 11. DUUR VAN GENOOTSKAP

Nadoktorale genootskappe is ’n oorgangsfase. Die duur van ’n nadoktorale genootskap hang van die betrokke befondser se stipulasies af. ’n Nadoktorale genootskap kan vir ’n maksimum tydperk van vyf opeenvolgende jare deur die gasheer verleng word, mits voldoende befondsing beskikbaar is en die gasheer dit wenslik ag op grond van die navorsingsuitsetrekord van die nadoktorale genoot.

Die verlenging van ’n nadoktorale genootskap ná die aanvanklike vyfjaar-tydperk is onderhewig aan skriftelike goedkeuring deur die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies, na indiening van ’n motivering deur die gasheer via ANO.

## 12. ADVERTERING VAN ’N NADOKTORALE NAVORSINGSGELEENTHEID

12.1 Ter nakoming van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) se regulasies rakende ‘oop beurse’ asook die US se beleid insake die betaling van beurse wat deur departemente toegeken word, moet alle nadoktorale genootskappe wat deur US-departemente toegeken word, geadverteer word.

12.2 Die betrokke gasheer en/of sy/haar departement is verantwoordelik vir die opstel en plasing van die advertensie vir ’n nadoktorale genoot. Die advertensie moet in ten minste een publieke forum buiten die US se intranet of interne elektroniese bulletinbord geplaas word om aansoeke van nadoktorale kandidate van ander universiteite te lok. Voorbeelde van sodanige publieke forums is die NNS se webtuiste, koerante, strooibiljette, pamflette by opedae en sosiale media.

12.3 Afskrifte van advertensies moet vir verslaghoudingsdoeleindes bewaar word. ’n Afskrif van die advertensie moet ook aan ANO gegee word om te verseker dat die afdeling kennis dra van alle huidige nadoktorale genootskappe wat by die US aangebied word.

12.4 Nadoktorale posisies waar nadoktorale genote hul eie befondsing van eksterne bronne (Suid-Afrikaans of internasionaal) verkry het, hoef nie geadverteer te word nie.

## 13. BEFONDSING

13.1 Befondsing vir ’n nadoktorale genootskap kan op verskeie maniere verkry word, maar word gewoonlik:

(i) toegeken aan ’n gasheer- akademiese personeellid deur interne universiteitsfondse of deur ’n eksterne befondsingsagentskap, dikwels as deel van ’n groter toekenning;

(ii) toegeken aan ’n persoon wat onlangs ’n doktorsgraad behaal het of wat reeds ’n nadoktorale genootskap voltooi het (hetsy by dieselfde of by ’n ander instelling), deur die betrokke akademiese departement, sentrum of instituut, of as gevolg van ’n aansoek by ’n eksterne befondsingsliggaam.

13.2 Indien fondse van kontraknavorsing vir ’n nadoktorale genootskap of aanvulling daarvan gebruik word, moet die kontrak duidelik die befondsing identifiseer as dié van ’n “nadoktorale genootskap” en dit moet inpas by die omvang van ’n US-nadoktorale genootskap. Sodanige fondse mag nie vir “dienste gelewer” geoormerk word nie. In so ’n geval moet die betrokke US-kontraknommer (soos toegeken deur die Kantoor vir Navorsingskontrakte) vir bevestiging en ouditdoeleindes aan ANO verskaf word.

13.3 Die gasheer moet verseker dat voldoende befondsing van ʼn bona fide befondser vir ʼn nadoktorale genootskap beskikbaar is vir die duur van die skriftelike ooreenkoms wat met die betrokke nadoktorale genoot aangegaan is.

13.4 Elke befondser het sy eie stel spesifieke bepalings wat tot ʼn bykomende kontraktuele ooreenkoms tussen die befondser en die nadoktorale genoot kan lei.

13.5 Die minimum vlak van befondsing vir ʼn voltydse nadoktorale genootskap geborg deur die US sal jaarliks deur die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies hersien word en deur ANO aan huidige en voornemende nadoktorale genote en hul gashere gekommunikeer word.

13.6 Indien ʼn befondser dit toelaat, mag ʼn nadoktorale genootskap met institusionele of ander fondse na goeddunke van die gasheer aangevul word.

13.7 Nadoktorale genote moet verseker dat hulle nie hul beurs- of visumvoorwaardes met betrekking tot enige bykomende befondsing wat aan hulle betaal word, oortree nie. ANO is verplig om enige sodanige oortredings aan die betrokke befondser (met betrekking tot ondertekende ondernemings) en aan die US se ouditeure te rapporteer.

13.8 Die maksimum bedrag van befondsing vir ʼn nadoktorale genootskap word nie deur enige wet voorgeskryf nie, en moet na goeddunke van die betrokke gasheer in oorleg met die departementele voorsitter bepaal word.

13.9 ʼn Nadoktorale genoot mag terselfdertyd twee of meer genootskappe opneem, mits die stipulasies van alle toepaslike befondsingsliggame nagekom word.

## 14. STATUS BY DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

ʼn Nadoktorale genoot is nóg ʼn student nóg ʼn werknemer van die US, maar het die unieke status van ʼn nadoktorale genoot binne alle universiteitstrukture.

## 15. MEMORANDUM VAN VERSTANDHOUDING

15.1 Die nadoktorale genoot moet ʼn regsbindende Memorandum van Verstandhouding (MVV) met die US aangaan, wat deur die gasheer, die departementele voorsitter, die Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie (of sy/haar formeel afgevaardigde) en die nadoktorale genoot onderteken moet word. Die MVV dien as ʼn raamwerk vir die werk wat gedoen moet word en as ʼn metode om die ooreengekome verwagtinge van sowel die gasheer as die

nadoktorale genoot te monitor. Dit beskerm ook alle partye in geval van ŉ geskil. Die MVV moet meld dat die nadoktorale genoot aan die Universiteit se gedragskode en alle relevante beleide moet voldoen.

15.2 Die MVV is nie ŉ werksaanbod nie en impliseer nie dat ŉ werksaanbod in die toekoms gemaak sal word nie.

## 16. FASILITEITE EN VOORDELE

16.1 Nadoktorale genote sal voorsien word van genoegsame werkruimte; toerusting of toegang tot die nodige toerusting deur ʼn interdepartementele ooreenkoms; Sentrale Analitiese Fasiliteite of algemeen gedeelte toerusting; basiese administratiewe fasiliteite, insluitend IT-netwerk toegang, drukfasiliteite, internetgebruik, ŉ institusionele e-posadres, biblioteekfasiliteite; en toegang tot Kampusgesondheidsdienste. Hulle kom ook in aanmerking vir parkeerfasiliteite en lidmaatskap van Maties Sport en ander universiteitsklubs.

16.2 Fasiliteite en voordele wat deur gasheerdepartemente aan nadoktorale genote gebied word, moet in die MVV beskryf word.

## 17. ORIËNTASIE

Die gasheer moet nuwe nadoktorale genote oriënteer tot die departement, afdeling, sentrum of instituut waarin hul navorsing onderneem sal word, en help om toegang te verkry tot die ondersteuning, dienste en fasiliteite wat aan hulle beskikbaar is. Die gasheer moet in hierdie verband deurlopende advies en leiding aan die nadoktorale genoot verskaf.

Verdere oriëntasie vir vestiging in die breër universiteitsomgewing sal deur ANO en US Internasionaal verskaf word.

## 18. GEDRAGSKODE, GRIEWEPROSEDURES EN KLAGTES

18.1 Die nadoktorale genoot moet die US se gedragskode en alle toepaslike institusionele beleide nakom, asook die voorwaardes vervat in die MVV tussen die gasheer en nadoktorale genoot.

18.2 In geval van ŉ geskil sal die nadoktorale genoot en/of die gasheer toegang hê tot die algemene geskiloplossingsprosesse van die US. Die nadoktorale koördineerder, of ingeval van konflik van belange, die Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie, sal as die eerste kontakpunt vir nadoktorale genote en hul gashere in enige klagte- of griefproses dien. Ingeval ʼn geskil nie op hierdie vlak opgelos kan word nie, sal dit na die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies verwys word.

## 19. PROFESSIONELE ONTWIKKELING

19.1 ʼn Nadoktorale genoot mag nie vir enige graad aan die US of enige ander hoëronderwysinstelling registreer tydens die termyn van die nadoktorale genootskap nie, tensy skriftelike toestemming van die gasheer en die Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie verkry word.

19.2 Nadoktorale genote word aangemoedig om vir vaardigheidsontwikkelings-werkswinkels of kortkursusse aan die US te registreer, mits voldoende fondse beskikbaar is om hul deelname te borg en die inskrywing deur die betrokke gasheer ondersteun word.

19.3 Ooreenkomstig die Universiteit se Beleid insake die Kommersiële Ontginning van Intellektuele Eiendom ("IE-beleid"), sal nadoktorale genote bygestaan word om nuwe navorsingsinisiatiewe en idees te ontwikkel.

## 20. BEËINDIGING VAN GENOOTSKAP

20.1 Indien nadoktorale genote hul genootskap wil beëindig voor die datum waarop in die MVV ooreengekom is, moet hulle ten minste 30 dae skriftelike kennisgewing aan die gasheer gee.

20.2 Indien die gasheer die huisvesting van ʼn nadoktorale genoot wil beëindig, moet die gasheer die nadoktorale genoot en die nadoktorale koördineerder (ANO) ten minste 30 dae voor die tyd skriftelik daarvan in kennis stel. Indien nodig sal die gasheer en die nadoktorale genoot toegang hê tot die geskiloplossingsproses vir nadoktorale genote van die US, soos genoem in klousule 18.2.

20.3 ʼn Nadoktorale genoot en sy/haar gasheer moet ANO in kennis stel, en ʼn 'uittreevorm' inlewer, wanneer die nadoktorale genoot sy/haar dienstydperk by die US beëindig. Waar sodanige beëindiging plaasvind voordat die nadoktorale genoot sy/haar navorsing of volledige dienstydperk voltooi het, behou die US die reg voor om alle of sommige van die fondse wat vooraf aan die nadoktorale genoot betaal is, in te vorder.

## 21. INKOMSTEBELASTING

Die genootskappe wat aan nadoktorale genote betaal word, is vrygestel van normale inkomstebelasting op voorwaarde dat alle SAID-regulasies rakende vergoeding ten volle nagekom word, soos beskryf in SAID se Bindende Klasbeslissing uitgereik ingevolge artikel 78(2) van die Wet op Belastingadministrasie (Wet 28 van 2011).

## 22. ANDER AKADEMIESE AKTIWITEITE EN ADDISIONELE VERGOEDING

22.1 Aangesien daar vereis word dat die nadoktorale genoot professioneel ontwikkel en ervaring opdoen in alle aspekte van die akademiese professie, word onderrig en medestudieleiding van nagraadse studente toegelaat in ooreenstemming met SAID regulasies. Hierdie aktiwiteite sal na goeddunke van die gasheer verrig word en die verwagtinge van beide partye moet in die MVV vervat word.

22.2 Nadoktorale genote mag vir die duur van die genootskap nie as personeellede by die US aangestel word nie.

22.3 Nadoktorale genote mag nie vergoed word vir dienste wat by of deur die US gelewer word nie, byvoorbeeld om kontraknavorsing te doen of professionele konsultasies te bied.

22.4 Waar bykomende werk toegelaat word ingevolge die bepalings van die genootskap, mag tot 12 ure werk per week teen bykomende vergoeding onderneem word, soos uiteengesit in SAID se Bindende Klasbeslissing. Dit sluit alle ander akademiese aktiwiteite in wat addisioneel vergoed word. Die bykomende vergoeding moet betaal word teen die US se koers vir werkers met ŉ PhD, soos bepaal deur die Afdeling Menslike Hulpbronne, en moet nie deur middel van die nadoktorale genootskapstelsel betaal word nie, maar deur die salarisstelsel. Hierdie betalings is belasbaar ingevolge die heersende belastingwetgewing.

22.5 Internasionale nadoktorale genote mag ook in Suid-Afrika werk ingevolge bogenoemde stipulasies, indien dit deur die toepaslike visumvoorwaardes toegelaat word.

22.6 Nadoktorale genote mag amptelike medestudieleiers van voor- en nagraadse studente (honneurs-, meestersgraad- en doktorale studente) wees, ingevolge die volgende bepalings:

(i) Nadoktorale genote mag slegs medestudieleiers, en nie hoofstudieleiers van nagraadse studente wees nie.

(ii) Nadoktorale genote se gasheer moet hul rol as medestudieleier goedkeur op versoek van die nadoktorale genoot.

(iii) Die rol van medestudieleier sal beskou word as ŉ integrale deel van nadoktorale genote se akademiese opleiding, en dat hulle toepaslike leiding van die hoofstudieleier asook die gasheer (in gevalle waar die gasheer nie die hoofstudieleier is nie) sal ontvang rakende hul rol as medestudieleier.

(iv) Enige vergoeding wat vir hierdie rol ontvang word sal deel vorm van die toegelate 12 ure werk per week wat bykomend vergoed word.

(v) Die duur van die nadoktorale genoot se dienstydperk moet met sorg ten opsigte van die beplande studietydperk van die nagraadse student beplan word, voordat die nadoktorale genoot as medestudieleier goedgekeur word.

## 23. VERLOF

23.1 Nadoktorale genote is geregtig op verlof in tydperke wanneer die US amptelik gesluit is, asook op Suid-Afrikaanse openbare vakansiedae.

23.2 Nadoktorale genote sal ʼn minimum van 21 dae jaarlikse verlof toegestaan word.

23.3 Kraamverlof word toegestaan volgens die stipulasies van die befondser en ooreengekom met die gasheer.

23.4 Vaderskapsverlof moet met die gasheer onderhandel word.

23.5 Nadoktorale genote word twee dae siekteverlof per maand toegestaan. Ingeval meer siekteverlof benodig word, moet ʼn mediese sertifikaat verskaf word.

23.6 Indien ʼn nadoktorale genoot vir 30 opeenvolgende dae van sy/haar gasheerdepartement afwesig is sonder vooraf skriftelike toestemming van die gasheer, of skriftelike aanvaarding van ʼn motivering ingedien deur die nadoktorale genoot binne ʼn week ná die aanvang van die tydperk van afwesigheid, kan die genootskap onmiddellik beëindig word.

## 24. MEDIESE FONDS

24.1 Volgens die regulasies van die Departement van Binnelandse Sake moet internasionale nadoktorale genote lede van ʼn Suid-Afrikaanse mediese fonds word. Indien ʼn nadoktorale genoot vir langer as 30 dae by die US werk sonder Suid-Afrikaanse mediese fonds-dekking, oortree hy/sy hierdie regulasie en kan die aanstelling van sodanige nadoktorale genoot gekanselleer word. Dit is die nadoktorale genoot se verantwoordelikheid om bewys van lidmaatskap van ʼn Suid-Afrikaanse mediese fonds aan die Afdeling Navorsingsontwikkeling te verskaf.

24.2 Suid-Afrikaanse nadoktorale genote tref hul eie reëlings rakende persoonlike mediese versekering.

## 25. PERSOONLIKE ONGEVALLEVERSEKERING, VRYWARING EN AANSPREEKLIKHEID

Persoonlike ongevalleversekering word aan alle nadoktorale genote by die US verskaf. Die nodige besonderhede sal deur ANO aan elke genoot en gasheer verskaf word. Vrywaring en aanspreeklikheid word deur die algemene reëls van die Universiteit gedek.

## 26. AANSOEK OM NAVORSINGSTOEKENNINGS

Nadoktorale genote mag aansoek doen om ʼn toekenning en die hoofaansoeker wees op enige toekenningsaansoek met dien verstande dat:

(i) Die genootskap en potensiële toekenningsbefondser geen beperkings op nadoktorale genote as toekenningsontvangers het nie;

(ii) Die gasheer die aansoek goedkeur; en

(iii) Die duur van die nadoktorale genoot se dienstydperk met die duur van die toekenning ooreenstem.

## 27. EIENAARSKAP VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

Volgens bepalings van die US se Beleid insake die Kommersiële Ontginning van Intellektuele Eiendom (http://www.innovus.co.za/media/documents/Innovus%20Beleid.pdf) rakende US-studente, sal *mutatis mutandis* van toepassing wees op nadoktorale genote ten opsigte van die intellektuele eiendom wat gedurende die termyn van hul genootskap by die US geskep is.

## 28. BELEIDSBESTUUR

28.1 Die eienaar van hierdie beleid is verantwoordelik vir die skep, bywerking en toepassing van die beleid en moet verseker dat ʼn kurator en verwante strukture en rolle aangewys is en doeltreffend funksioneer.

28.2 Die kurator van hierdie beleid is daarvoor verantwoordelik om die formulering, goedkeuring, hersiening, kommunikasie en vrystelling van hierdie beleid te verseker. Die kurator is ook verantwoordelik vir die interpretasie en uitvoering van die beleid.

## 29. OPTREDE RAKENDE NIENAKOMING

Die Universiteit mag die nodige stappe, ingevolge die bepalings van die US se dissiplinêre kodes, neem teen enige persoon wat skuldig is aan oortreding van enige vereiste in hierdie beleid.